# JEUGLES: Vrugte van die Gees - Getrouheid, Nederigheid en Selfbeheersing

## 1. Praise and Worship

## 2. Inleiding:

Ons gaan vanaand na die laaste drie vrugte van die Gees kyk. Vanaand gaan ons kyk na die vrugte: Getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Ons gaan net vinnig daarna kyk en dan by elkeen ‘n speletjie speel sodat julle dit beter kan verstaan.

## 3. Getrouheid/Faithfullness:

***Wat is getrouheid:***

Getrouheid is om jouself tot iets of iemand te verbind (commit). Om betroubaar te wees beteken dat mense op jou kan staatmaak, jy is lojaal en jy doen wat jy gesê het jy gaan doen. Dis nie altyd maklik om getrou te wees nie, getrouheid vra vertroue in God. Om getrou te wees beteken nie dat ons alles altyd verstaan nie, dit beteken ons vertrou God – Wie Hy is – Wie Hy sê Hy is – en wat Hy sê Hy kan doen!

***Speletjie:***

Blinddoek ‘n persoon.  Die ander persoon moet deur net met die persoon te praat - nie aan die persoon raak nie- lei om op ‘n stoel te gaan sit.

***Process:***

Die persoon wat geblind doek was moes die ander persoon volkome vertrou met haar/sy lewe al kon sy/hy niks sien nie.  Net so moet ons al is ons in watter moeilike situasie en al kan ons nie ‘n uitkoms sien nie moet ons God vertrou dat Hy weet wat Hy doen en ons moet ingestel word op Sy stem om te weet waarheen om te gaan.  Vertrou God met jou hele lewe no matter what!

## 4. Nederigheid:

***Wat is nederigheid:***

Nederigheid is om mense met sagte hande te behandel. Om mense nie altyd te veroordeel nie, maar eers te luister en dan eerder te help as om weg te wys. Nederigheid beteken om nie te dink dat jy beter as iemand anders is nie.

**Speletjie**:

Blaas twee balonne op.  Neem ‘n sosatie stokkie en druk dit deur eertse balon.  Balon bars.  Neem tweede balon wat sagter opgeplaas is en neem sosatie stokkie wat in sunlight liquid gesmeer is druk sosatie van bokant van balon [waar donker gedeelte op balon is] tot onder langs die knoop uit.

**Process:**

Die meeste kere maak ons mense seer met ons woorde.  Soos met die eerste balon.  Jy kan mense se lewens so in flenters laat bars deur dit wat jy vir hulle sê en hoe jy hulle behandel,.  Daai balon kan nie meer aanmekaar geplak word nie net so kan jy nie terug neem wat jy gesê of gedoen het nie die skade is klaar gedoen.  Wees die minste soos Jesus , hanteer ander mense soos wat jy sou wou hê hulle jou moes hanteer.

## 5.  Selfbeheersing:

***Wat is Selfbeheersing:***

Selfbeheersing is om beheer oor jou eie gedrag te hê. Dis om NEE te sê vir versoekings. Om selfbeheersing te hê is nie altyd maklik nie, want die satan gaan probeer om jou te kry om verkeerde keuses te maak. Jy moet sterk staan en die Heilige Gees vertrou om jou te help om die regte keuses te maak, VERAL wanneer dit nie maklik is nie!

***Speletjie:***

Elkeen in groep kry ‘n halwe karton met albaster.  Die span moet die albaster deur middel van die karton gebruik van een punt na laaste persoon in groep oor dra sonder dat die kartonne aan mekaar raak.  As albaster val begin jy weer by eerste persoon.

***Process:***
Dit het groot konsentrasie en selfbeheersing  gevat om daai albaster van die een na die ander maatjie aan te stuur.  Dit was nie so maklik soos ons gedink het nie, maar wel moontlik. Net so moet ons leer om rustig te raak as ons is sekere situasies kom wat selfbeheersing verg.  Raak rustig en dink eers voor jy praat of doen. **WWJD.**

# 6. Sluit af met gebed en deel selfone uit.